LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

10-09-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 31 VIR 2018

1 FOTODAE:

25 September - Individuele foto's
26 September - Sportfoto's
27 September - Klasfoto's

Die individuele skoolpakkette beloop R70 (1 x A4 en 1 x A5) en daar is 'n spaarblikkie met 'n foto vir R30. Kinders sal later bestelvorms ontvang wat by registerklasse betaal kan word.

2 VOLKIE NUUSBULLETIN:

Stuur asb. u kind se buitemuurse sportprestasies voor of op 18 September na helenebotha@laervolkskool.co.za en indien u belangstel vir 'n advertensie, kontak haar by 0163416216/0832852481.

3 KOOR:

- ♬ Baie geluk aan ons Juniorkoor wat aangewys is as Afdeling- en Trofee wenners van Heidelberg Eisteddfod.
- ♬ Baie geluk aan ons Seniorkoor wat Afdelingwenners was in hulle kategorie.
- ♬ Daar is geen Juniorkooroefening op Maandag nie, maar wel weer volgende week.
- ♬ Die Seniorkoor oefen Woensdag slegs tot 15:00, ter wille van die toetsreeks. Volgende week is daar geen oefening nie.

4 FORMELE ASSESSERING:

- ✎ Leerders is skoolpligtig.
- ✎ Al die leerders is besig met formele assessering en moet elke dag teenwoordig wees. **As hul afwesig is, moet daar 'n doktersbrief ingehandig word.** Indien u kind tuisbly sonder 'n doktersbrief of ander geldige verskoning kan hy/sy 0% kry vir die aktiwiteit wat op daardie dag afgehandel is.
- ✎ ***Wanneer die toetsweek verby is, word daar steeds assessering in klasse afgehandel, toetse deurgegaan en punte gekontroleer.***
- ✎ ***Die skool sluit 28 September 2018.***
- ✎ Normale klaswisseling vind plaas by Gr 4-7.

5 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 2:

Suikerbosrand Eisteddfod se tweede gedeelte vind plaas vanaf 10-12 September. Onthou om julle sertifikate met repliek te kom wys by Juf. Lizelle (Gr. 1-3) en Juf. Madeleine (Gr. 4-7).

6 HEIDELBERG EISTEDDFOD:

Baie geluk aan elke leerder wat aangewys is as Afdeling- en Trofee wenners. Harde werk word beloon! Bring asb. hierdie sertifikate na Juf. Lizelle en Juf. Madeleine.

7 MUSIEKFEES:

Ons Musiekfees verskuif na 16 & 17 Oktober. Dit gaan 'n besonderse geleentheid wees waaraan al die Volkies gaan deelneem.

8 SPREEKKOOR:

Baie geluk aan ons Spreekkoor wat Afdelingwenners was by Heidelberg Eisteddfod.
Ons oefen Maandag vanaf 13:00 - 13:30 in Juf. Monica se klas. Almal moet asb. daar wees.
Ons neem deel aan die Suikerbosrand Eisteddfod op 13 September 2018 om 13:10 by die TPA saal.

9 SWEM:

Ons jaarlikse swem-huisgala vind plaas op Donderdag, 20 September 2018 by Hoër Volkskool se swembad. Tydens die byeenkoms gaan ons spanne uitsit vir die liga wat op 24 Oktober 2018 begin. Skryf vooraf in by Juf. Christine.

10 MINI-KRIEKET:

Almal oefen op Maandag en Woensdag vanaf 14:00 - 15:00. Ons herinner ouers net dat u asb. vir elke speler 'n wit broek moet aanskaf, bv. 'n wit rugbybroek voor 15 September 2018 op KFC dag. Almal moet asb. daar wees, dit is ons afsluiting ook.

11 MINI-HOKKIE:

Alle spanne oefen op ons rugbyveld op Dinsdag en Donderdag.

12 ATLETIEK:

Daar is atletiek oefening vir al die leerders wat nie nou aan ander sporte deelneem nie.
Leerders het briewe ontvang.

13 GRAAD R KLAS:

Graad R Opedag is op Vrydag, 21 September 2018 vanaf 08:00 - 10:00.
Vir enige navrae, kontak gerus vir Juf. Alta de Klerk by die skool.

Volkiegroete

J.J. JORDAAN
ADJUNKHOOF